

Penniefluitjie

Hallo Maats,

Het julle geweet hierdie is 'n baie besondere jaar met besondere datums? Kyk bietjie hier onder op die bladsy is voorbeelde - jy sal verbaas wees!

Oom Jorrie en sy helpers sou aanvanklik eers in die Aprilvakansie begin het om ons klaskamers mooi te maak, maar julle het mos nou al gesien hoe mooi is die klasse geverf en dat hulle besig is met die deure en vloere - ek kan nie meer wag vir die finale produk nie, en julle?

Onthou nou, sodra ons klasse reg is, gaan ons dit versier en mooimaak, sodat almal kan sien dat ons baie trots is daarop - en enige hulp van Pappa or Mamma of Oupa of Ouma is welkom!

Baie dankie vir julle mooi briefies en tekeninge wat ons vir Sergiy gestuur het - ek het al sy Kerskaartjies en sy briefies wat hy vir ons terugskryf nou bymekaar en sal dit teen ons muur opplak, sodat julle dit kan sien. Sy moedertaal lyk so vreemd as mens daarna kyk, maar gelukkig is daar mense by Sending Sonder Grense wat ons briewe vir hom vertaal en

dan weer syne vir ons ook - dis hoekom ons in Engels vir hom skryf.

Oom Frans Viljoen het vir ons 'n lekker woordraaisel gegee en sommer nog ander ook wat ek so van tyd tot tyd vir julle sal bysit. Kyk solank of julle die kwartaal s'n kan doen!

Oom Pierre en tannie Carien Buisset gaan weg aan die einde van die kwartaal, want hy het 'n werk in Durban gekry - ons is baie jammer daarvoor, maar ons glo hulle sal daar ook gelukkig wees en af en toe vir ons 'n briefie stuur!

Baie geluk aan almal wat in hierdie kwartaal verjaar het, en ook aan die volgende kategete!

- Tannie Charleen (graad 5 en 6 dogters) - 15 Januarie
- Tannie Elbie (graad 2) - 22 Februarie
- Tannie Talita (graad 3) - 28 Februarie

Mag julle 'n wonderlike jaar hê!

Liefde in Jesus,

Tannie Lita

2011 is 'n besondere jaar

Het julle geweet dat 2011 'n unieke jaar is?

Kyk net na hierdie datums:

1/1/11 - 1 Januarie 2011

11/1/11 - 11 Januarie 2011

1/11/11 - 1 November 2011

11/11/11 - 11 November 2011

Dis baie besonders - iets wat elkeen van ons beslis net een keer in ons leeftyd

sal beleef.

Ongelooflik hoe God die tye bymekaargesit het, of hoe?!

Hier is nog iets besonders:

Tel die laaste twee syfers van die jaar waarin Pappa of Mamma gebore is by hul ouderdom in hierdie jaar.

Bv: $1966 + 45 = 111$

Al verskil hul ouderdom van myne, die antwoord gaan nog steeds 111 wees, want hulle is almal voor die jaar 2000 gebore - Fantasties!

Kyk hoe wys God vir ons met iets eenvoudig soos die hoe ongelooflik Hy dinge beplan!

PS: As jy na 2000 gebore is, behoort jou antwoord 11 te wees as jy dieselfde tipe som maak

Junior Kategese NG Rietfontein-Suid

2011, Volume 1

Maart 2011

Notas vir die yskas

- Ouer-Oase - Elke laaste Donderdag van die maand - DVDs word in saal vir kinders gewys, so ouers is welkom om die kinders saam te bring.
- Tweede kwartaal begin op 17 April 2011.

Donasies / Skenkings

- Ons sal enige hulp met die opgradering van ons klasse waardeer!
- Merk donasies duidelik vir Junior Kategese se Bouprojek, asb!

In hierdie uitgawe:

2011 is 'n besondere jaar	1
Antwoord Jesus altyd	2
Ken jy hierdie manne?	2
Beste vriende	2, 3
Woordraaisel	3
m.bibels.co.za	3
Liewe Ouers	4
Die keuses wat ek het	4

Antwoord Jesus altyd ons gebede?

Het jy al by jou ma of pa gekla oor iets wat jy baie graag wou hê, of gesoebat daarvoor totdat hulle vir jou sê: "Dis nou genoeg, ons gaan nie verder hieroor praat nie!"

En dan is jy gewoonlik dikmond, né!

Gewoonlik kom mens eers na die tyd agter dat hulle 'n goeie rede gehad het om jou nie jou sin te gee op daardie stadium nie.

Partymaal wens jy seker dat Jesus sommer vir al jou gebede "Ja" sal sê, byvoorbeeld as iemand ernstig siek is en jy bid dat die maatjie of familielid gou gesond moet word.

En dan gebeur dit nie....en jy wonder

of God jou gehoor het en hoekom Hy dan nie vir jou gegee het waarvoor jy gebid het nie.

Weet julle hoekom?

God is soewerein. Dit beteken dat Hy weet wat die beste vir elkeen van ons in alle omstandighede is en dat Hy nog altyd in beheer is.

Dit beteken nie dat Hy jou glad nie geantwoord het nie, maar net dat Sy antwoord op daardie stadium "Nee" of "Nie nou nie", was.

Ons kan nie vir God sê wat ons begeer en net verwag dat Hy moet spring en gee nie.

Nee wat, Hy weet mos hoe ons harte

lyk en Hy weet wat ons begeer nog voordat ons self daaraan dink!

En natuurlik weet Hy ook wat Hy vir ons vir die toekoms beplan het - daarom is dit partykeer nodig vir Hom om NEE te sê, want heel moontlik is daar iets anders wat Hy eerder vir ons wil gee.

God is die Een wat Alles Weet - daarom kan ons vertrou dat Hy altyd ons gebede sal beantwoord, selfs al is die antwoord partykeer "Nee" of "nie nou nie".

Lees nou **Habakuk 3:17-18**

Ken jy hierdie manne?

Hier volg die name van 'n klompie mans wat almal iewers in die Ou of die Nuwe Testament voorkom.


Kyk of jy hulle kan opspoor in woordraaisel op die volgende bladsy - onthou die name kan opwaarts, afwaarts of dwars lê.

As jy klaar is, vra sommer vir Mamma of Pappa om jou van hulle te vertel of die stories vir jou te lees in die Bybel.

Hierdie ouens het baie interessante avonture deurgemaak en die stories is beter as fliëks!

- Absalom
- Adam
- Benjamin
- Dawid

- Demas
- Eli
- Esegïel
- Gam
- Habakuk
- Haggai
- Henog
- Hosea
- Jafet
- Jakob
- Jefta
- Jeremia
- Jesaja
- Joël
- Johannes
- Jona
- Juda
- Lasarus
- Lot
- Markus
- Miga
- Moses
- Naftali
- Natan
- Noag
- Obadja
- Otniël
- Ruben
- Saul
- Sefanja
- Sem
- Silas
- Simson
- Stefanus
- Titus



Raai wie word hier in die skildery uitgebeeld? Kyk op bladsy 3 vir die antwoord.

Beste vriende

Het jy 'n **beste beste maatjie**? Die meeste van ons het en dis fantasties as julle maats kan bly tot julle eendag oud is.

Maar dinge werk nie altyd so uit nie - soms trek jou maatjie na 'n ander provinsie of dorp, of soms net na 'n ander skool. Of jy trek na 'n ander skool en dan moet jy nuwe maats maak.

Vriende is vir ons baie belangrik, want ons kan saam met hulle lag en speel en selfs huil.

Daar is heelwat voorbeelde in die Bybel van goeie en slegte vriende en ons moet veral onthou dat vriendskap by jouself begin.

Dus, om goeie vriende te hê, moet jy 'n goeie vriend wees!



Woordraaisel

B	H	T	C	C	K	G	L	A	S	A	R	U	S	M
E	A	O	I	S	E	F	A	N	J	A	J	U	D	A
N	D	J	S	T	I	H	A	B	A	K	U	K	L	R
J	I	E	W	E	U	O	B	A	D	J	A	L	L	K
A	U	R	M	F	A	S	L	J	A	K	O	B	O	U
M	T	E	M	A	G	R	R	U	B	E	N	E	T	S
I	S	M	M	N	S	N	D	A	W	I	D	Q	L	G
N	Z	I	M	U	O	A	B	S	A	L	O	M	O	I
O	A	A	L	S	N	A	F	T	A	L	I	O	A	I
T	G	D	M	A	J	A	F	E	T	F	E	G	A	N
N	T	I	A	E	S	E	G	I	E	L	I	G	Y	J
I	S	C	A	M	J	O	A	S	G	M	G	C	B	Z
E	G	N	N	A	T	A	N	A	E	A	J	O	E	L
L	O	P	G	H	E	N	O	G	H	M	O	S	E	S
J	J	O	H	A	N	N	E	S	J	E	S	A	J	A

Ons sê baie dankie aan **oom Frans Viljoen** (ons Koster) wat vir ons hierdie woordraaisel gegee het.
Hy het nog 'n paar wat ons in die toekoms kan gebruik, so hierdie is nie die laaste een nie!
Geniet dit!

Antwoord vanaf bladsy 2:

Die skildery beeld Jakob uit wat droom van God se engele wat 'n leer na die hemel vorm.

Onthou julle die storie? Hy het met sy kop op 'n klip geslaap en toe die droom gehad. Gaan lees bietjie in Genesis 28:11-16

Beste vriende (vervolg van bladsy 2)

Kom ons kyk wat beste vriende regtig beteken:

Beste vriende -

- is nie jaloers op mekaar nie
- praat nie sleg van mekaar nie
- probeer nie in kompetisie met mekaar optree nie
- luister nie na skinderstories nie
- doen nie goed wat verkeerd of gevaarlik is nie
- verklap nie geheime nie

Beste vriende -

- vertrou mekaar
- deel mekaar se geheime
- sê net mooi dinge van mekaar en van ander
- lei mekaar op die regte pad
- waarsku mekaar oor slaggate in die lewe
- praat die waarheid met liefde

Wie is jou Valentyn?

Op 14 Februarie vier ons elke jaar Valentynsdag - of Liefie-diefie-dag.

Het jy geweet dat jy nie vir Valentynsdag hoef te wag om vir iemand te wys dat jy omgee nie?

m.bibels.co.za

(Die Bybel gratis op jou selfoon!)

Het jy geweet jy kan die hele Bybel nou op jou selfoon lees?

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika maak dit moontlik om die hele Bybel op jou selfoon af te laai - en dit is **gratis!**

Onthou net om eers Mamma en Pappa se toestemming te kry (Dalk wil hulle dit ook doen en weet hulle nie eens dat mens kan nie!)

Die adres wat jy kan gebruik is **m.bibels.co.za**



Daar is niks daarmee verkeerd om op Valentynsdag vir iemand 'n sjokolade of blommetjie of kaartjie te gee om te sê dat jy omgee nie.

Maar,

Jy kan dit op enige dag van die jaar doen!

En dis nie net vir verliefdes bedoel nie - jy mag jou vriend of vriendin, jou juffrou, jou tannie, oom, oupa, ouma, ma of pa ook bederf!

Die belangrikste is dat ons moet onthou om te wys dat ons omgee!


Penniefluitjie

Kontakdetails:
Lita Spreeth
(Junior Kategesehoof)

Telefoonnommer: 082 453 8421
E-pos: lspreeth@sars.gov.za

Jesus het ons almal lief!

[Kliek hier vir ons
webblad!](#)



Liewe Ouers,

Ons het reeds al 'n kwartaal van 2011 agter die rug!

Baie dankie vir elke ouer wat by ons 'n draai kom maak en saam met ons hulle harte vir die kinders oophou.

Ons dra die welsyn van julle kinders op die hart, maar kan hierdie werk nie alleen doen nie - ons geniet dit as julle af en toe kom kuier, somer net kom inloer of gesig wys!

Lita en die res van die Kategete

PS: Onthou die Ouer-ondersteuningsgroep elke laaste Donderdag van die maand - ons sal sorg dat daar DVDs in die saal vir die kinders gewys word as julle hulle wil saambring!

ANGEL SECURITY

A Joyful 'toon by Mike Waters



© 2007 Michael D. Waters
www.joyfultoons.com

For he will command his angels concerning you
to guard you in all your ways; - PSALM 91:11 NIV

Spreuke 4:23 is 'n versie wat jy somer uit jou kop uit kan leer!

*"Wees versigtig met wat in jou hart omgaan,
want dit bepaal jou lewe."*

Die keuses wat ek het...

Sien julle die tekenprentjie hier op die linkerkant? Dit gaan daaroor dat God ons in Psalm 91:11 belowe dat Hy sy engele opdrag sal gee om by ons te wees.

Beteken dit dat niks slegs met my sal gebeur nie?

Nee, definitief nie! Ons bly in 'n wêreld waar baie dinge verkeerd is en waar ons self baiekeer verkeerde keuses maak.

God wil hê jy moet weet dat, al maak jy 'n verkeerde keuse, Hy nog steeds lief is vir jou.

Soms gebeur dit dat ander mense verkeerde keuses maak en ons as gevolg daarvan swaarkry, maar dan weet ons God se engele is nog steeds by ons.

Die belangrikste is natuurlik dat ons onthou dat God vir ons Sy seun Jesus gegee het, sowel as die Heilige Gees. Sonder God Drie-Enig is ons lewens niks werd nie!

Jy kan kies of jy God wil liefhê en gehoorsaam, of nie. **Wat is jou keuse?**